

# MOOI IN **PIENK** GETOOI

## PIENK BABASTEL

**BENODIGDHEDE:** Ongeveer 675 g pienk Pingouin Golden Age driedraadbreigare. Vir **truitjies elk** 150 g; **steweltjies** 25 g; **tjalie** 350 g; breinaalde van 3 mm vir garing enkel; 4,50 mm vir gare dubbel en 6,00 mm vir gare vierdubbel; hekelpenne van 3 en 4 mm; 3 drukknopies.

**MATE:** Om borsmaat van 56 cm te pas.

**SPANNING:** Omdat gare soms enkel, soms dubbel en soms vierdubbel gebruik word, kan ons slegs aanraai dat só gebrei moet word dat die werk netjies, los en sag sal wees.

**AFKORTINGS:** r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek(steke); ks – kousteek (= een ry regs, een ry aweregs); rs – reksteek (= elke ry regs); vermeer – vermeerder (= deur in voor- en agterkant van 'n steek te brei); vermin – verminder (=

# MOOI IN PIENK GETOOI

deur twee steke tesame te brei); tes – tesame; rg – regsgewys; awg – aweregsgewys; herh – herhaal; mb – maak bobbel (= r1, aw1, r1 in volgende steek); gs – glipsteek; tgso – trek glipsteek oor; RK – regte kant; VK – verkeerde kant; weersk – weerskante; m1 – maak een steek deur garing om breinaald te slaan.

## STEWELTJIES

**STEL** 35 ste met garing enkel en 3-mm-breinaalde op.

Begin by sool en brei soos volg:

**1e, 3e, 5e en 7e ry:** Deurgaans aw.

**2e ry:** r1, vermeer, r14, vermeer, r1, vermeer, r14, vermeer, r1 – 39 ste.

**4e ry:** r1, r16, vermeer, r1, vermeer, r16, vermeer, r1 – 43 ste.

**6e en 8e ry:** Vermeer soos gestel – 51 ste.

**9e-13e ry:** Brei rs.

**Vorm wreef: 14e ry:** r21; r10 en draai – laat dus 21 ste ongebrei.

**15e ry:** aw10, aw2tes, draai.

**16e ry:** r10, r2tes, draai.

Herh laaste 2 rye tot 12 ste aan albei sykante oorbly, moenie draai na laaste herh nie, maar brei voort oor laaste 12 ste – daar is dan 35 ste op breinaald – brei 30 rye.

**Enkelboordjie: Vlg ry:** Deurgaans aw.

**Vlg (gaatjies) ry:** r1, (m1, r2tes) tot einde, r1.

**Vlg ry:** Deurgaans aw.

Slaan oor na siersteek.

*** 1e ry:** (RK) aw1, (gl1awg, aw1) tot einde.

**2e ry:** aw1, (r1, aw1) tot einde.

**3e en 4e ry:** Deurgaans aw.

**5e ry:** Deurgaans r.

**6e ry:** Deurgaans aw *; herh van * tot * nog een keer.

Brei nog 4 rye r1, aw1 en heg af.

Werk haknaat toe, hekel 'n koordjie en ryg dit deur gaatjies.

Brei tweede steweltjie op dieselfde manier.

## TRUITJIE MET KOORDJIE OM HALS

**VOORPANT:** Stel 65 ste met gare enkel en 3-mm-breinaalde op en brei 5 rye rs.

Slaan oor na siersteek, ** begin met 'n aw-ry en brei 3 rye ks.

**4e ry:** (RK) aw1, (gl1awg, aw1) tot einde.

**5e ry:** aw1, (r1, aw1) tot einde.

**6e ry:** (RK) aw tot einde **. Herh van ** tot ** nog 6 keer.

Brei voort in patroon en stel ekstra steke vir moue op.

**Begin mouvorming:** Stel 33 ste aan beg van vlg 2 rye op en herh van ** tot ** 3 keer.

**Halsvorming:** (voorpant en agterpant afsonderlik)

**Vlg ry:** aw63, heg 11 ste af, aw65.

**Vlg ry:** r63, draai en heg aan halsrand in vlg rye een keer 3 ste, een keer 2 ste, dan 2 keer 1 st af.

Voltooi 5e herhaling van sierpatroon op mou.

Stel aan einde van vlg ry 12 ste vir halsrand van agterpant op.

Draai en brei aan halsrand deurgaans 5 ste rs tot 9e herhaling van siersteekpatroon op mou voltooi is.

**Voltooi mouvorming:** Heg aan beg van vlg ry 33 ste af, brei voort tot einde van ry. Brei voort in koussteek met reksteekrandjie, soos gestel en eindig met 5 rye reksteek. Heg af.

Voltooi tweede helfte soos uiteengesit, maar met vorming omgekeerd.

**AFWERKING:** Hekel oor halsrand om af te werk, soos volg:

**1e ry:** * 1lb, 1ks, slaan 1 st oor; herh van * tot einde van ry, draai.

**2e ry:** * 1kb in vlg lb, 3ks, 1lb in daaropvlg lb; herh van * tot einde.

Knip gare af en werk netjies af.

Hekel oor mourande op dieselfde manier.

Werk synate toe en hekel een lang en twee korter koordjies. Ryg hulle deur gehekelde gaatjiesrand. Werk drie drukknopies aan agterpantstrook vas, een by halsrand, een by middel en een tussenin.

## TRUITJIE MET BOBBELS

(Word aaneengebrei van soomrand van voorpant tot soomrand van agterpante.)

**VOORPANT:** Stel 51 ste met 4,50-mm-breinaalde en garing dubbel op.

Brei 5 rye rs en 1 ry aw en slaan oor na siersteek.

**LW:** Die bobbels word aan verkeerde kant gebrei, maar is sigbaar aan regte kant van werk.

**1e ry:** (RK) r10, aw31, r10.

**2e ry:** (VK) aw10, r1, (mb, r1) 15 keer, aw10.

**3e ry:** r10, aw35, r10.

**4e ry:** aw10, r1, (aw3tes, r1) 15 keer, aw10.

**5e ry:** r10, aw3, r1, (aw1, r1) oor vlg 24 ste, aw3, r10.

**6e ry:** aw10, r1, mb, r27, mb, r1, aw10.

**7e ry:** r10, aw5, r25, aw5, r10.

**8e ry:** aw10, r1, aw3tes, r1, aw25, r1, aw3tes, r1, aw10.

**9e ry:** r10, aw3, r25, aw3, r10.

**10e ry:** aw10, r1, mb, r1, aw25, r1, mb, r1, aw10.

**11e ry:** r10, aw5, [aw1, (gl1awg, aw1) 12 keer], aw5, r10.

**12e ry:** aw10, r1, r3tes, r1, aw1, (r1, aw1) oor vlg 25 ste, r1, aw3tes, r1, aw10.

**13e ry:** r10, aw31, r10.

**14e ry:** aw10, r1, mb, r1, aw25, r1, mb, r1, aw10 (dus soos 10e ry).

**15e ry:** Soos 7e ry.

**16e ry:** Soos 8e ry.

**17e ry:** r10, aw3, [aw1, (gl1awg, aw1) 12 keer], aw3, r10.

**18e ry:** aw10, r1, mb, r1, aw1, (r1, aw1) oor vlg 24 ste, r1, mb, r1, aw10.

**19e ry:** Soos 7e ry.

**20e ry:** Soos 8e ry.

Die 20 rye vorm die patroon.

Brei patroon tot werk ongeveer 20 cm lank is.

**Begin mouvorming:** Stel 25 ste op aan beg van vlg 2 rye en brei patroon soos uiteengesit tot werk 5 cm lank is vanaf begin van mouvorming, of tot 4 bobbelrye voltooi is.

**Verdeel vir halsvorming:** Heg 9 ste in middel van vlg ry af en voltooi skouers afsonderlik. Hou vertikale bobbelstreep deurlopend korrek en heg aan halsrand 2 keer 2 ste en 2 keer 1 st af.

Brei ook 'n horisontale bobbelstreep vanaf mouboordjie tot vertikale bobbelstreep.

Slaan oor na koussteek en brei 1 ry na voltooiing van horisontale bobbelstreep.

Stel aan einde van vlg ry 15 ste vir halsrand op, draai en brei eerste 5 ste reksteek.

Brei koussteek voort met reksteekrandjie soos gestel tot agterpant van mou so lank soos voorste is.

**Voltooi mouvorming:** Heg in vlg ry 25 ste af om mou te voltooi.

Brei reguit voort soos gestel, tot agterpant so lank soos voorpant is. Brei nog 5 rye deurgaans reksteek en heg af.

Brei tweede agterpant op dieselfde manier, maar met omgekeerde vorming.

**AFWERKING: Hekel oor halsrand: 1e ry:** (1lb, 1ks, slaan 1 st oor) tot einde, draai.

**2e ry:** * 1kb in vlg lb, 3ks, 1lb in daaropvlg lb, slaan 1 ks oor *; herh van * tot * rondom. Tel steke uit mourand op en brei 10 rye reksteek; heg af.

Hekel oor elke mouboordjie soos uiteengesit vir halsrand.

Werk laastens sy- en mounate aaneen toe. Werk 3 drukknopies aan reksteekstroke van agterpant vas, een by halsrand, een by middeltjie, en een tussenin.

## TJALIE

Stel 75 ste met gare vierdubbel en 6,00-mm-breinaalde op en brei 5 rye rs.

**** 1e ry:** r5, aw65, r5 (5 ste weerskante word deurgaans rs gebrei).

**2e ry:** r5, [aw1, (gl1awg, aw1) 32 keer], r5.

**3e ry:** r5, aw1, (r1, aw1) tot laaste 5 ste, 45.

**4e en 5e ry:** r5, aw65, r5.

**6e ry:** Deurgaans r. **.

Herh van ** tot ** tot werk ongeveer 60 cm lank is, brei dan nog 5 rye reksteek en heg lossies af.

**Skulpomranding:** Hekel met 4,50-mm-pen.

**1e rondte:** Deurgaans kb.

**2e rondte:** * (1kb, 5ks, 1lb) in vlg st, slaan 2 ste oor; herh vanaf * tot einde van rondte.

Knip garing af en werk netjies af. ●